

<p style="text-align: center;">Besluit van die Tuinedal Kerkraad geneem op 30 November aangaande nouer samesamewerking met NGK George-Suid</p>

Verslag van die Sinergie Taakspan

Ds. Pieter verwys na bl. 37 van hierdie Agenda (*Oplossing vir volhoubaarheid van Tuinedal-proses 23 Februarie*) Hy wys die vergadering daarop dat die verslag van die taakspan in wese 'n voortsetting is van doelwitte wat die Kerkraad reeds op 23 Februarie besluit het. Die Here is besig om sy voorkeurtoekoms te realiseer vir Tuinedal! Elke taakspanlid word bedank vir hulle deelname en insette in die proses (*18 vergadering-ure in totaal!*). Ds. Pieter beklemtoon sekere aspekte uit die Taakspan verslag. Daar is heelwat raakpunte tussen die 2 gemeentes, maar ook plekke waar ons albei op verskillende posisies is. Ons kan beslis by mekaar leer uit elkeen se sterkpunte.

Gemeentebediening maak 'n voorstel aan die kerkraad. Ons glo dat ons visie beter sal realiseer, wanneer ons hierdie temas begin implimenteer.

Agtergrond tot Gemeentebediening se voorstel

Die Kerkraad is oortuig dat die Hoekom- en Wat-vrae na bevrediging beantwoord is deur die taakspan. Dit is ook duidelik dat eenwording of samesmelting nie tans op die tafel is nie, maar wel nouer samesamewerking op verskeie terreine. Die 6 fokusareas wat in hierdie verband identifiseer is, is goeie geleentheid vir sinergie tussen die twee gemeentes. Die laagste vrugte moet eerste gepluk word om sodoende momentum aan die proses te gee.

Binne Tuinedal se huidige bedieningsopset sal temas 1, 2 en 6 die "laagste vrugte" wees. Die ander drie temas sal gelyktydig aandag kry maar vir die kort termyn fokus ons eers op die genoemde drie. Gesamentlike komitees kry die mandaat om by 22 Februarie 2021 se vergadering verslag te doen oor hoe samesamewerking op die voorgestelde drie terreine kan lyk. Kerkraadslede en ander gemeentelidmers sal aangemoedig word om hulle te verbind aan minstens een van die ses fokusareas.

Besluit

- 1. Die Kerkraad neem met dankbaarheid kennis van die verslag van die Taakspan. Ons wens hulle geluk met 'n deeglike en uitstekende stuk navorsing. Ons besondere dank aan Marinda Swart wat haar fasilliteringsdiens gratis aangebied het en ds Cor Swart wat help opstel het aan die lywige verslag.**

2. Die Kerkraad verbind hom tot die 6 fokusareas maar kies om op die korttermyn te fokus op Groepbediening (*opsie1*), Gesinsbediening (*opsie 2*) en Kommunikasie en bemarking (*opsie 6*)
3. Gesamentlike komitees moet verslag doen, met spesifieke doelwitte, by 22 Februarie 2021 se vergadering oor hoe samewerking kan lyk op die onderskeie terreine.
4. Gesamentlike komitees moet ondertussen aandag gee aan die oorblywende 3 areas vir verslagdoening by latere Kerkraadsvergaderings.
5. Die “Anders Doen”-temas (par 5.2 bl 11) word verwys na die gepaste bedieningsgroepe van Tuinedal vir verdere ondersoek en verslag by latere Kerkraadsvergaderings in 2021
6. Die taakspan verslag word aan die gemeente beskikbaar gestel deur dit op die kerk se webwerf geplaas. ‘n Skrywe sal in die bulletin geplaas word.

Bogenoemde besluit word eenparig aanvaar (10 stemme teen geen)

“Dis goed as ‘n kerkraadsbesluit nie op meerderheidstem berus nie, maar op eensgesindheid onder die lede.” – Koos van Tonder

Koos bid vir die droom wat God vir ons gemeente het. Dat God steeds in beheer is van Tuinedal se toekoms. Dat God ons sal gebruik, ook in ons gemeenskap.